HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 35 VAN 2020

4 November 2020

Geagte Ouers/Voogde

Eksamenreëlings vir November/Desember 2020 – Graad 8 – Graad 11

1. **Die verloop van die eksamen**
   - Die leerders studeer tuis en kom slegs skool toe op die dag waarop hulle eksamen skryf. As gevolg van KOVID voorskrifte mag slegs 'n seker aantal leerlinge per dag teenwoordig wees. Dus moet leerders asseblief afgehaal word na afloop van die eksamen. Sien die eksamenrooster vir tyd geallokeer per vraestel.
   - **Sessietye**

Sessie	Graad 8 - 9	Graad 10 - 11
1	07:30 – Saniteer op krieketveld. 07:40 – Handboeke word ingeneem. 08:00 – Leerders verdaag na eksamenlokaal 8:15 – Vraestelle word uitgedeel. 8:20 – Leestyd. 8:30 – Eksamen begin.(Duur van vraestel)	07:30 – Saniteer agter snoepie en rugbyveld. 07:40 – Handboeke word ingeneem. 08:00 – Leerders verdaag na eksamenlokaal. 8:15 – Vraestelle word uitgedeel. 8:20 – Leestyd. 8:30 – Eksamen begin.(Duur van vraestel)
2	11:00 – Saniteer op krieketveld. 11:05 – Handboeke word ingeneem. 11:10 – Leerders verdaag na eksamenlokaal 11:15 – Vraestelle word uitgedeel. 11:20 – Leestyd. 11:30 – Eksamen begin.(Duur van vraestel)	11:00 – Saniteer agter snoepie en rugbyveld. 11:05 – Handboeke word ingeneem. 11:10 – Leerders verdaag na eksamenlokaal 11:15 – Vraestelle word uitgedeel. 11:20 – Leestyd. 11:30 – Eksamen begin.(Duur van vraestel)

2. **Konsessies**
   Ekstra tyd en amanuenses word slegs vir leerders aan wie dit reeds toegestaan is, toegeken. Ekstratydlokaal : A4 (Gr. 8-11) vir enige navrae, kontak Me. N Mouton by die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid.

3. **Afwesighede en laat kom gedurende die eksamen**
   3.1 'n Mediese sertifikaat is verpligtend met 'n geldige rede en moet by Me. N Mouton ingehandig word, **voordat hy/sy** die volgende vak skryf. Indien 'n leerder 'n eksamen mis sonder 'n doktersbrief sal hy/sy geen punte vir die vraestel ontvang nie. Briewe van ouers word nie as 'n geldige verskoning gesien nie.
   3.2 Indien 'n leerder laat / afwesig vir 'n eksamen weens onvoorsiene omstandigheide is, moet die ouers die skool in kennis stel voor aanvang van die vraestel.

4. **Algemene reëls en dissiplinêre kodes**
   Daar word van die leerders verwag om stiptelik by die onderstaande reëls en dissiplinêre kodes tydens eksamensessies te hou.
   - Die eksamenreëlings soos uiteengesit in dié omsendskrywe.
   - Leerders daag slegs op met nodige skryfbehoeftes / tekenapparaat in 'n **deurskynende sakkie**. Geen tasse nie.
   - Die **skoolreëls t.o.v. voorkoms (kleredrag, haarstyle, skeer, rook ens.)** moet nagekom word.
   - Geen artikels soos "walkmans", **selfone, horlosiefone,** radio's, "gameboys", "i-pods" en "mp3"-spelers met oorfone sal toegelaat word nie.
   - Geen leerders sal toegelaat word om die klasse gedurende die eksamensessie te ontwrig nie.
   - Geen leerder sal toegelaat **word om enige skryfbehoeftes te leen nie**.
   - Geen eet- of drinkgoed sal toegelaat word nie. Indien 'n leerder 'n mediese sertifikaat het wat aantoon dat die leerder water gedurende die sessie moet gebruik, sal dit toegelaat word.
   - Geen leerder word toegelaat om die eksamenlokaal tydens die sessie te verlaat nie.
   - Maskers word ten alle tye gedra en mag onder geen omstandighede afgehaal word of onder die neus gedra word nie.

Daar sal **streng** by die eksamendatums en – tye gehou word. **Ouers word gevra om nie versoeke te rig om enige vraestel vroeër te skryf nie. Dit kan ongelukkig nie gebeur nie.**

Groete

E GOUWS: EKSAMENKOMMISSARIS

E MANS: AKADEMIESE HOOF